**PERSOONLIKE NOTAS**

Turn your eyes **UPON JESUS** look full in His wonderful face and the things of this world will grow strangely dim in the light of His glory and grace.

Wat of Wie is die fokuspunt van jou lewe?

# Lesing 6: Oë Gevestig op Christus Jesus

*"Die oog gevestig op Jesus die Leidsman en Voleinder van die geloof…" Heb. 12:2*

## Vernuwing is 'n Proses

Na weergeboorte begin 'n **proses** en die Skrif kies hierdie woord doelbewus. Die vernuwing van ons denke gebeur nie skielik of outomaties nie. Ons ou manier van dink, praat en leef word stap vir stap vervang met **Christusdenke.** Slegs tot die mate waarin Christus in ons gees én siel 'n werklikheid word, kan ons Hom sinvol aan ander openbaar. Anders deel ons nie Christus nie, maar bloot godsdiens.

Hierdie vernuwing gebeur deur **intimiteit en gemeenskap** met Hom. Ons fokus skuif weg van onsself, van dit wat vir ons belangrik was, na Jesus Christus. Die waarheid dat Christus in ons gees woon, moet 'n belewenis in ons siel word. 'n Mens kan immers net *"bemark"* wat jy self beleef het.

## Die Fokuspunt van jou Lewe

Wanneer Jesus Christus werklik die fokuspunt van ons lewe is, verval ons nie in *chaos,* selfbejammering of selfvernietiging wanneer dinge skeef loop nie.

*"Looking away from all that will distract to Jesus, Who is the Leader and the Source of our faith, giving the first incentive for our belief, and is also its Finisher, bringing it to maturity and perfection." Heb. 12:2a, AMP.*

Elke mens het iets of iemand wat sy fokus is: werk, geld, huwelik, kinders, besittings, selfs godsdiens en metodes van geloof. Wanneer **Christus** nie die **middelpunt** is nie, raak die lewe koersloos en verwronge, soos 'n televisiebeeld wat spring wanneer dit nie reg ingestel is nie. Die oomblik wanneer ons fokus van Hom af wegskuif, begin ons afdwaal.

*"So here's what I want you to do, God helping you: Take your everyday, ordinary life—your sleeping, eating, going-to-work, and walking-around life—and place it before God as an offering. Embracing what God does for you is the best thing you can do for him. Don't become so well-adjusted to your culture that you fit into it without even thinking. Instead, fix your attention on God. You'll be changed from the inside out…" Rom. 12:1-2, MSG.*

## *"Aphoraō"* – 'n Doelbewuste Wegkyk

Die Hebreërskrywer gebruik 'n kragtige Griekse woord: *"Aphoraō."* Dit beteken: *"to fix one's eyes; to look away."* Dit dui op 'n **bewuste wegdraai** van alles wat wil aftrek en 'n doelgerigte vestiging van aandag op een Persoon.

Dit is nie 'n vinnige kyk nie, maar 'n volgehoue fokus, 'n innerlike draai weg van geraas, na rus. Hierdie soort fokus bring stabiliteit in 'n onstuimige wêreld.

**Jesus Christus – Die Leidsman van Geloof**

Jesus word beskryf as die Leidsman, die Griekse woord *"Archegos"* beteken: Veroorsaker, Pionier, Voorloper. Hy is nie bloot 'n voorbeeld van geloof nie; **Hy is die Oorsprong daarvan.**

Ons leef nie meer deur geloof **in** Christus nie, maar deur die geloof **van** die Seun van God.

*"… En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof 'van' die Seun van God…" Gal. 2:20*

Die maatstaf is nie my vermoë om te glo nie, maar Sy lewe wat in my glo.

**Nie Nabootsing nie, maar Inwoning**

Jesus het nie gekom om bewonder te word nie, maar om **in ons te woon.** As Voorloper het Hy alle vertroue in self, talente, titels, metodes en rituele afgesny, en ons gelei na kinderlike afhanklikheid van God. Tog is ons nie nabootsers nie; Hy leef nou Sy lewe **in en deur ons.**

Dit bring ons by ware rus; nie 'n oorsaak-en-gevolg-teologie nie, maar 'n intieme verhouding.

*"En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken…" Joh. 17:3*

God los nooit Sy werk halfpad nie. Wat Hy in jou begin het, sal Hy voltooi.

**Ware Volwassenheid**

Geestelike volwassenheid is wanneer ons **ou denkpatrone vervang word met Christusgedagtes.** Net tot daardie mate groei ons tot ware volwassenheid en ware sukses.

*"Totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot 'n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus." Ef. 4:13*

Die natuurlike mens se wêreld draai om **self.** Selfbelang, ambisie en eise vul die denke. Solank die vraag is: *"Wat kan ek kry?"* is self op die troon en God op die kantlyn.

Daarom roep Hebreërs 12 ons terug: neem jou oë weg van alles, omstandighede, begeertes, rituele ens. en fokus doelbewus op Jesus. Hierdie fokus, Vriende, is 'n **daaglikse** keuse.

**PERSOONLIKE NOTAS**

*"Immers, sy goddelike krag het ons **ALLES** geskenk wat tot die lewe en godsvrug dien, deur die kennis van Hom wat ons geroep het deur Sy heerlikheid en deug, waardeur Hy ons die grootste en kosbare beloftes geskenk het, sodat julle daardeur **deelgenote** kan word van die **goddelike natuur, NADAT** julle die verdorwenheid ontvlug het wat deur begeerlikheid in die wêreld is." 1 Pet. 1:3-4*

**PERSOONLIKE NOTAS**

*"Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee." Fil. 4:13*

*"For whatever is born of God is victorious over the world." 1 Joh. 5:4a, AMP.*

Oorlede Pastoor P.D. le Roux het altyd gesê: *"Die Woord is soos brandewyn. Eers vat jy die brandewyn en dan vat die brandewyn jou!"*

**You are a New Creation!**
Why crawl in the dirt of your old life when God has equipped you so beautifully to take to the skies?

**Transformasie lei tot Manifestasie**

Ons probeer nie soos Jesus wees nie. Ons is nie *"copycats"* nie. Nee, dit is Hy wat Sy lewe in en deur ons leef! Ons leef nie deur prestasie nie, maar deur **verhouding.** God se Volmaakte Liefde in ons stel ons in staat om in oorwinning te leef.

Verandering is 'n proses. Die vlees klim moeilik van die troon af (2 Thes. 2:1-4), maar soos ons buig voor Koning Jesus Christus, word Sy beeld al hoe sigbaarder in ons (2 Kor. 3:18).

Malcolm Smith skryf soos volg: *"The more religious a person becomes, the further away from God he grows. With increased dedication comes an increased sense of emptiness. Keeping all the rules does not satisfy the hunger within; and so, dedication follows dedication, always with the hope that this will be the ultimate offering that will please God and bring the heart to satisfaction."*

**Woord, Gees en die Spieël**

Ons kan nie alles beheer wat met ons gebeur nie, maar ons **kan ons gesindheid kies.**

*"'n Neerslagtige soort mens kry elke dag swaar, maar vir 'n mens met 'n opgeruimde geaardheid is die lewe 'n fees." Spr. 15:15, LB.*

Die geheim lê daarin om die hart voortdurend met Woord te vul (2 Tim. 3:16-17). Die Woord is die **spieël.** Ons verander deur Hom te aanskou. Die Gees werk altyd saam met die Woord (Joh. 14:26; Matt. 22:29).

Jesus oorwin die vyand deur die Skrif aan te haal (Matt. 4:4, 7, 10). **Gees kom op Woord.** Jy het albei nodig vir 'n lewe van oorwinning.

**Leef vanuit die Nuwe Natuur**

Is Jesus vir jou 'n Persoon, of net 'n storie? Weergeboorte is die begin, nie die einde nie. Jy is nou deel van God se nuwe skepping.

*"Now 'when' anyone is enfolded into Christ, he has become an entirely new creation. All that is related to the old has vanished. Behold, everything is fresh and new." 2 Kor. 5:17, tPt.*

Jy het 'n **nuwe natuur** ontvang; die Godsnatuur (2 Pet. 1:3-4).

Leef vanuit daardie natuur. Moenie weer onder die bewind van die ou natuur kom nie.

Ons sluit met F. Durpee: *"Plant the Word of the Kingdom within your heart, and ask the Holy Spirit to remind you to the things Jesus said. The 'Seed of the Kingdom' will begin to grow. Slowly, your circumstances will reflect the changes taking place on the inside."*

**Besprekingsvrae**

1. Waarom is vernuwing van denke ‘n proses?

2. Wat gebeur wanneer Christus nie ons fokuspunt is nie?

3. Wat beteken die woord *“Aphoraō?”*

4. Wat beteken dit dat Jesus die Leidsman van geloof is?

5. Wat is die verskil tussen geloof **in** Christus en die geloof **van** Christus?

6. Wat is ware geestelike volwassenheid?

7. Waarom is die eie-ek, self of vlees ‘n struikelblok?

8. Hoe lei transformasie tot manifestasie?

9. Waarom het ons beide Woord en Gees nodig?

10. Wat beteken dit om vanuit jou nuwe natuur te leef?

**Besprekings Antwoorde**

1. Omdat gevestigde denkpatrone tyd neem om verander te word.

2. Ons leef koersloos en straal 'n verwronge beeld van Hom uit.

3. Om doelbewus weg te kyk van afleidings en die oë op Jesus te vestig.

4. Hy is die Oorsprong en Voorloper van geloof, nie net 'n voorbeeld nie.

5. Geloof **in** Christus is 1ste fase geloof. Daarom het jy Hom aangeneem. Die 2de fase is dat ons leef deur Sy geloof wat in ons werk.

6. Om soos Christus oor sake te dink.

7. Omdat selfgerigtheid God se heerskappy verdring.

8. Innerlike verandering maak Christus sigbaar in ons lewe.

9. Die Gees openbaar slegs wat in die Woord geskryf staan.

10. Om nie meer deur die vlees nie, maar deur die Godsnatuur in jou te leef.